

Stelloskoop

Amptelike skooltydskrif van Hoërskool Stellenbosch | COVID-19-uitgawe

**Ontmoet vir
Nicholas Kilian en
Lua van Rensburg**

**HSS spog weer
met nuwe
klaskamers**

**Digitale
komplimentedag**

COVID-19

**Hoërskool Stellenbosch
hanteer 'n virusepidemie**



Totsiens, Matrieks



Adelé Kotzé
Verslaggewer



Lize Herbert
Verslaggewer




Githa Smit
Verslaggewer



Nicola Goosen
Fotograaf en
Uitlegkunstenaar



Ronel Sauerman
Spotprent-
tekenaar



Jana Basson
Verslaggewer



Liebe Bester
Bemarking



Chumani Komsana
Bemarking



Jani Badenhorst
Redaktrise



Anika Kotze
Fotograaf

Redakteursbrief

“Die verskil tussen Hoërskool Stellenbosch en ander skole is dat jy die skoolgebou van Hoërskool Stellenbosch heeltemal kan verwyder en dit sal steeds Hoërskool Stellenbosch bly.” Dit was meneer Cruywagen se woorde aan my op pad terug skool toe na 'n kosbare kamp. Hoe waar het hierdie woorde nie geword in 2020 nie?

Die tasbare dinge van die algemene jaar in Hoërskool Stellenbosch is byna heeltemal van ons ontnem. Skielik was daar geen meer interskole, sportdinees, Prestige-konserte, debatoefening of prysuitdelings waaroor ons soveel drome gehad het nie. Wat oorgebly het, was die dinge wat nog altyd onder die oppervlakte van die skoolaktiwiteite lê; die dinge wat Hoërskool Stellenbosch Hoërskool Stellenbosch maak.

Hierdie uitgawe van die Stelloskoop handel grootliks oor hoe Hoërskool Stellenbosch COVID-19 en die maatreëls



wat daarmee saamgegaan het, hanteer het. Dit is bewyse dat daar geen tekort aan aanpasbaarheid of innoverende idees in die skool is nie. Dit bewys ook dat die skool nie terug hoef te staan vir enige ander skool of instansie wat die gebruik van tegnologie betref nie. Maar meer as enigiets

anders, is dit 'n bewys dat die waardes wat in Hoërskool Stellenbosch gekweek word nie net bly op die skoolgronde nie, maar ook strek tot in ons alledaagse lewe by die huis. Niemand sal ooit die innoverende denke van die skool kan wegneem nie. Niemand sal ooit die spesiale verhoudings tussen onderwyser en leerder kan breek nie. Niemand sal ooit vir die skool kan sê: “Jy mag nie meer die leerders help groei en ontwikkel nie.” Dit is waarop ons trots is en wat ons saam met ons sal dra. Is ek teleurgesteld dat my termyn as Stelloskoop-redaktrise afsluit met 'n uitgawe wat afwyk van die besige, opwindende lewe op HSS se skoolgronde? Nee. Nie vir 'n oomblik nie.

Ek is dankbaar dat my laaste uitgawe iets meer as net die gebeure by die skool kan vasvang: Dit vang die hart van Hoërskool Stellenbosch vas.

Jani Badenhorst
Redaktrise

Redaksie

Verslaggewers

Anja Venter
Jani Badenhorst
Jana Fourie
René Kotzé
Emma Joubert
Anika Joubert
Ester de Wet
Githa Smit
Jana Basson
Nicola Goosen
Adelé Kotzé
Lize Herbert

Fotografe

Anika Kotze
Nicola Goosen
Christian Cloete

Uitlegkunstenars

Anika Joubert
Braam van der Westhuizen
Kristen Burger
Nicola Goosen

Uitlegredaktrise

Jani Badenhorst

Bemarking

Chumani Komsana
Liebe Bester

Tekenaar

Ronel Sauerman

Digitale spotprent-ontwerper

Fleur Esterhuysen

Onderwyser betrokke

Juf. Felton

Voorblad

Pippa Zwiegelaar
Foto: Christian Cloete

KONTAKBESONDERHEDE

E-pos: admin@stellies.com
Tel: +27 21 887 3082/3

Jannaschstraat, Stellenbosch, 7600
www.stellies.com



Vir die Stellies deur die Stellies

Dit is nie wat ek verwag het nie
Tayla Wedderspoon

COVID-19 het op ons almal gespring. Dit wil nie weggaan nie, nes 'n vlieg op 'n warm somersdag.

18 Maart en my skool het toegemaak. Wat moet ek nou doen? Ek mag nie meer klasse loop nie en ook nie meer my vriende sien nie. Hoe verwag hulle dat ek dit moet oorleef?

26 Maart en dit is amptelik die begin van ons inperking tot verdere kennisgewing... Nou boonop dat ek nie meer my vriende kan sien nie wil hulle nou ook hê dat ek binne die huis bly en heeldag na dieselfde vier mure staar.

31 Maart en hier "red" die skool my met aanlyn klasse. Ek sukkel 'n bietjie met wiskunde, maar dit is oukei. Ek het so baie tyd op my hande dat ek heeldag kan sit en probeer om dit te verstaan.

Drie maande en 18 dae gaan verby vandat ek by die skool was. Dit is uiteindelik **6 Julie** en ek is terug by die skool! O wee en jy sal nie raai nie, die skole is weer toe vanaf **27 Julie tot 24 Augustus**.

Vier weke van niks doen vir my omdat ons geen werk het nie. Netflix is maar my beste opsie. Om nou buite te wees is soos om jouself vir die leeu te gooi terwyl hulle honger is.

21 dae het 6 maande geword en die einde is nog nie in sig nie. As land is ons sterker. COVID het ons wêreld vir altyd verander.

My persoonlike ervaring van COVID-19
Anina van der Poel

Maskers, sosiale afstand en ontsmettingsmiddel. Wie sou kon raai dat die wêreld in 2020 tot stilstand gedwing sou word deur 'n vreemde virus?

As ek dink aan ons lewens voor Covid, sien ek 'n prentjie in volkleur, met mense wat mekaar omhels, lag en gesels. Ek sien 'n skool wat borrel en oorloop van jongmens-energie, in die skoolgange, op die sportvelde en oral waar daar koor sing, toneel gespeel en koffie kringe gehou word.

Tydens die grendeltyd, het die kleur eensklaps verdwyn - ons het onself oornag in 'n grys wêreld bevind, skielik bang vir menslike aanraking. Spookbeelde van leë snelweë, tjoepstil strate, lewelose lughawens het oor ons skerms geflits.

Ek het gevoel asof ek iets baie kosbaar verloor het en dit het my hartseer en soms baie bang gemaak. Ek moes leer dat "normaal" nou anders gedefinieer word. Aanlyn skool, kerk en werk, geen sport, geen kuiers of uiteet nie.

Soos wat Suid-Afrika vanaf vlak 5 na vlak 1 van inperking beweeg het, het ek geleer om niks vanselfsprekend te aanvaar nie. Ek het geleer dat my lewe baie besig was - dalk te besig - ek moes tot stilstand kom.

Ek leef nou stadiger, rustiger. Ek leef in die oomblik.

INHOUD



8 Welkom, Liefste Lua en Nicholas Ontmoet juffrou Kilian en juffrou van Rensburg se babas

12 COVID-19 Adelé Kotzé gee 'n opsomming van hoe HSS die virus hanteer het

14 Die koshuis kafdrad Korrana Lees oor hoe Huis du Preez die virus hanteer het

15 Ons grootste ondersteuners Lees oor hoe HSS se ouervereniging die onderwysers en matrieks in 'n moeilike jaar ondersteun

16 In die Google-klaskamers 'n Dubbelblad gevul met prettighede in die klaskamers tydens die inperkings-tydperk

18 Nege Nagte in Nederland Die Nederlandse uitruil is kortgeknip toe die eerste COVID-19-geval in Suid-Afrika bevestig is.

19 Kwarantyn-kontrolelys Kyk hoeveel van hierdie lys jy gedoen het in kwarantyn

20 Stellies bly aan die "rol" tydens isolasie Kyk hoe HSS vermaak verskaf het met 'n toiletrol!

21 Komplimentedag aanlyn Die jaarlikse tradisie van HSS gaan voort, maar hierdie keer deur Google Forms

22 Uitsonderlike Prestasies HSS se leerders presteer in verskeie velde



24 Die nuwe IGO-klaskamer Meneer Carpenter gesels oor sy splinternuwe klaskamer

26 Die nuwe dramalokaal Lees meer oor die nuwe speelspasie vir ons dramastudente

28 Die stem van 'n Stellie Ons leerders deel hulle gevoelens met die groot gebeure in ons land en die wêreld hierdie jaar

Hierdie uitgawe is propvol skakels wat jou sal neem na relevante webbladsye. Kyk uit vir die ***wenke** wat elke skakel aandui. Toets dit op die foto (links) van die Nederlandse uitruilstudente wat minwetend van die toekoms op die Kaapstad-lughawe staan. Dit sal jou neem na die Stello-skoop-afdeling van Hoërskool Stellenbosch se webblad. Laai gerus ons vorige uitgawes af terwyl jy daar is.

Welkom liefste Lua

Tydens die inperkingstydperk het juffrou van Rensburg en haar gesin 'n pienkvoet ryker geword. Lua van Rensburg is op 17 Mei 2020 om 12:25 gebore. **Anika Joubert** het 'n onderhoud met juffrou van Rensburg gevoer om uit te vind oor haar ondervinding en reaksies.



Lua van Rensburg



Lua en haar ouboet, Ivan.

Hoe het Juffrou gevoel toe Juffrou uitvind dat Juffrou swanger is?

Ek kan die middag nog so goed onthou toe die dokter gebel het en sê ek is swanger. Dit is 'n gevoel wat mens nie kan beskryf nie. Ontsettende dankbaarheid, want ek weet elke lewe word deur God geskep en kan nie vanselfsprekend aanvaar word nie.

Het Juffrou enigsins 'n lus ("craving") gehad na iets spesifiek tydens Juffrou se swangerskap? Indien dit so was, wat was dit?

Ek het ysblokkies "gegrave". Dit was die "crunch" wat dit maak wat ek net moes kou.

Wat was Juffrou se reaksie toe Juffrou uitgevind het dat Juffrou 'n dogtertjie kry?

Ek het deur die hele sonar verwys na die baba as 'n "hy" en "hom" omdat ek totaal oortuig was dit is nog 'n seuntjie. Ek het nogal geskrik toe die dokter sê dit is 'n dogtertjie. Dis 'n hele nuwe wêreld en nuwe emosies. Ek raak nog elke dag gewoond aan die pienk kombersies.

Hoe het Juffrou gevoel toe Juffrou vir Lua vir die eerste keer sien?

Met my seuntjie, Ivan, was die emosies destyds vreemd. Ek dink ek was meer oorweldig deur die massiewe verantwoordelikheid wat 'n baba bring as om regtig alles van hom in te neem en te waardeer. Met Lua was ek gereed en ek het van die oomblik wat ek haar gesien het absoluut verlief geword vir die fyn menswees. So onskuldig en weerloos. Ons sin.

Hoe het Juffrou se lewe verander vandat Lua gebore is?

Ek dink die aanpassing met ons eersteling was groter as met Lua. Daar is nie kans vir stilsit en wonder wat aangaan nie. Die lewe is baie vinniger as voorheen. Dis baie voller. Met Lua wat nog tydens die inperkingstydperk gebore was, was alles vreemd. Oumas en Oupas kon nie kom help nie, ons kon nêrens heen nie en my vriendinne kon haar nie kom ontmoet nie, maar as gesin was ons so geseënd gewees deur daar die alleen en saamwees tyd. Kyk, dit was verseker nie maklik nie, maar sy is elke bietjie ongemak werd.

Welkom Nicholas

Tydens die inperkingstydperk het juffrou Kilian en haar man 'n bulletjie ryker geword. Nicholas Kilian is op 9 Junie om 16:15 gebore.



Nicholas Kilian



Die Kilian-gesin

Hoe het Juffrou gevoel toe Juffrou uitvind dat Juffrou swanger is?

Ek was baie oorweldig omdat dit so bietjie onverwags was, maar tog dankbaar. Beslis gemengde emosies!

Het Juffrou enigsins 'n lus ("craving") gehad na iets spesifiek tydens Juffrou se swangerskap? Indien dit so was, wat was dit?

Sjokolade! 70% donker sjokolade elke dag, heeldag.

Wat was Juffrou se reaksie toe juffrou uitgevind het dat Juffrou 'n seuntjie kry?

Ons wou graag 'n seuntjie gehad het, so ons was bitter bly en opgewonde.



Juffrou Kilian en Nicholas

Hoe het Juffrou gevoel toe Juffrou vir Nicholas vir die eerste keer sien?

Verlief! Dit is 'n gevoel wat ek nie in woorde kan beskryf nie. My hart wil bars van liefde.

Hoe het Juffrou se lewe verander vandat Nicholas gebore is?

My lewe is soveel anders nou dat ons 'n babatjie het. Hy drink elke 2-3 ure en wil heeltyd by sy mamma wees. Alles in my liggaam pyn van die 4,5kg lyfie heeltyd rond dra en natuurlik om elke 2 ure 'n doek te ruil, maar elke sekonde is die moeite werd. Hy is die liefste ou dingetjie.



Die Kilian-gesin

COVID-19

HSS se hantering hiervan


Die klaskamer is doodstil, die sportvelde is dolleeg en die musiek-kamer is gesluit... "Meneer President, wanneer is pouse? Ek mis my vriende!" Op elke leerder se kalender is 'n groot rooi merk om 27 Maart getrek toe ons president, Cyril Ramaphosa, aangekondig het dat Suid-Afrika onder 'n nasionale inperking gaan wees vir die volgende paar weke. Gelukkig was Hoërskool Stellenbosch al drie jaar gereed om al ons leerders aanlyn onder- rig te gee! Danksy ons skoolhoof, mnr Pellissier, se inisiatief om Hoërskool Stellenbosch se personeel op te lei in e-leer, kon elke leerder aangaan met hul skoolwerk. Alhoewel daar geen skril klok is wat lui nie, het ons leerders uitstekende selfdisipline toegepas. Die gemiddelde Stellie spandeer tussen 3- tot

4-ure op Google Classroom saam met meneer Mostert of op Google Meet saam met juffrou Kruger of op WhatsApp met juffrou De Villiers. Daar is geen rugbytoks wat daver oor die gras en geen netbaltekkies wat skree teen die baan nie. Die klap van die hokkiebal is net 'n eggo. Die tennisbal het sy laaste hop gevind. Die skare langs die veld het verdwyn en die skaak-borde is weggepak. Die koorstemme in die gang is 'n stil lied en die redenaars het niemand om te oortuig nie. Die koffiewinkel se masjien is vol stof en die bome se skaduwees raas. Die bankie voor die koshuis-deur is verlate en jy kan vir die eerste keer voor in die snoepiery staan. Nie dat dit veel beteken nie... Maar die boeke raak vol en leerders se ink raak leeg soos wat hulle volstroom aanhou werk. Jy kan natuurlik

later slaap, jou koffie hervul en peusel aan 'n sjokolade terwyl jy die wiskunde-probleem ontleed, maar die hoogtepunt van meeste van die kinders se aanlyn ervaring is om in hul slaapkamer of sweetpakke in hul beddens of in die tuin te luister na hul onderwysers se videoles. Mikaila Myburgh, 'n graad 11-leerder, sê sy hou daarvan om die onnies te kan "pause" en "rewind". Meeste van die graad 12-Engels Huistaal leerders sal sê hul hoogtepunt is om daaglik om 12 uur juffrou Kruger se gesig te sien. Die Ekonomie-leerders sal heel waarskynlik sê hul video's is die beste. Dit is 'n stresvolle tydperk vol onbekende uitdagings en swaar harte. "Ek mis die skool, die samesyn en vriende. Hierdie tydperk maak dat ek die skool net weereens opreg mis en

waardeer. Ek waardeer dat die skool vir ons die geleentheid gee om wel aan te gaan met ons studies," sê Sulene Loedolff, 'n leerder in graad 10. Die aanlynklasse was 'n groot en skielike verandering gewees, maar die skool het ons voorberei. Sommige leerders het die inperkingstyd as "vervelig", "rustig", "lank" en "vreemd" beskryf. Hoërskool Stellenbosch het wel gesorg dat ons besig bly gedurende skoolure op die elektroniese klaskamers. Elke onderwyser is genoem as 'n leerder se "gunstelingaanlyn-onnie." Geen wonder 'n derde van die leerders dink hulle doen beter in hul studies as gevolg van die aanlyn klasse nie! Hoërskool Stellenbosch se onderwysers maak definitief die inperkingstyd meer verdraagsaam!

Adelé Kotzé



Kaitlyn Nel, graad 8, werk hard in Calvinia.



Onderwysers vergader oor Google Meet.



Cate Stofberg is hard aan die werk.



Marius en Koos is in die kol met hulle skoolwerk.



1. Vou 'n stuk lap of 'n bandanna in die helfte.
2. Vou dit dan verder, deur die onderkant en die bokant na die middellyn te vou.
3. Plaas rekkies aan beide kante van die gevoude lap.
4. Stik die flappie dan vas sodat die rekkie nie kan ontsnap nie. Sprei dan ook die lap uit om die masker groter te maak.
6. Spog nou met jou tuisgemaakte masker! Bly veilig.

Die koshuis kafdraf Korona

HDP bly ons tuiste



Om verkeer in die eetsaal te vermy, kan aandetes buite geniet word. Dominic en Keegan maak gebruik van die geleentheid.



'n Moeilike aanpassing vir die koshuistannies: om die inwoners se gesigte slegs deur 'n plastiekskerm te sien.



Ontmoetings na studietye word nou met maskers gedoen.



Die graad 8's is gelukkig om weer terug by die koshuis te wees, hierdie keer met maskers. Agter v.l.n.r.: Johanri Brynhardt, Emily van der Merwe, Cara Steenkamp, Inge van der Merwe, Elmarie Grobbelaar. Voor: PF Strauss.



Die nuwe regulasies beteken nie minder gelag in die eetsaal nie! Marié van Wyk en Gerald Barendilla geniet hul middagete.



Die koshuispersoneel moet veral nou hard werk om die area skoon te hou en dubbele ete-sessies gereed te hê. Hulle is ook bederf deur die OV.



Nie eers 'n masker kan Jenna se glimlag wegsteek nie!

Gespanne het die koshuiskinders gewonder hoe die lewe terug by die koshuis gaan lyk. Gaan ons in totale isolasie wees? Gaan dit soos 'n tronk voel?

Die antwoord is nee! Ons koshuis is gebou op die waardes van veiligheid, verantwoordelikheid en vertroue.

Ons almal se veiligheid word verseker deur 'n paar maatreëls wat in

plek gestel is: Elkeen se koors word in die oggend en aand gemeet, ons ontsmet ons hande om elke hoek en draai, maskers word gedra in openbare areas, jy neem 'n skinkbord by ete en gaan sit twee-twee aan 'n tafel, etes word in twee groepe verdeel, kamers word elke naweek skoongemaak en openbare areas daaglik.

Ons kry ook die geleentheid om verantwoorde-

likheid vir ons eie tyd en studies te neem aangesien daar geen klokke lui nie. Ons leer ook om verantwoordelikheid te neem vir ons eie en die mense om ons se gesondheid.

Ons vertrou die koshuis net soos die koshuis ons vertrou om mekaar se veiligheid te verseker.

Die koshuiskinders sê die aangepaste koshuis is: "só lekker", "veilig", "paraat", "besorg oor ons

veiligheid", "goed aangepas", maar "nie té streng nie."

Wat 'n voorreg om in 'n koshuis te wees wat só goed by verandering kan aanpas.

Korona of nie. Huis du Preez se waardes staan sterk.

Jana Fourie



Jani Badenhorst met 'n sjokolade vanaf die ouervereniging.



Bokse en bokse pizza is afgelewer om ons personeel te bederf.



Meneer Malan en meneer Carpenter geniet hul pizza.

Ons grootste ondersteuners

Tussendeur die teleurstellings van interskole, matriekafskeid en foyerkonserte wat nie hierdie jaar kon plaasvind nie, het Hoërskool Stellenbosch se ouervereniging die taak aangepak om ons personeel en matriekleerders se dag op te kikker met peuselbederfies.

Die eerste week terug skool toe was taamlik lank en uitputtend. Op Dinsdag en Woensdag, 2 en 3 Junie, het die OV hul deel gedoen om die moegheid van maskers dra te help oorkom deur vir elke matriek 'n sjokolade of energiestafie uit te deel met 'n boodskap: "Die Klas van 2020 sal nooit vergeet word nie! Jy sal in die geskiedenis onthou word as een van die matrieks wat a.g.v. Covid-19 jou matriekjaar op 'n unieke manier moes beleef."

Moet nie dink hulle het van die onderwysers vergeet nie! Soos ons personeel op Donderdag, 4 Junie, in ons voorportaal instap, kon hulle die ouerondersteuning ruik voor hulle dit kon sien. Elke persoon is bedank vir hul harde werk met 'n boks pizza! Hoërskool Stellenbosch is bevoorreg om 'n ouergemeenskap te hê wat uit hul pad uit sal gaan om leerders en onderwysers se dag te maak. 'n Enkele ouer se ondersteuning beteken die wêreld vir 'n kind. 'n Hele gemeenskap van ouers se ondersteuning beteken soveel meer.

Jani Badenhorst

In die Google-klaskamers




Ons drie hoofleiers vier Matriekafskied aanlyn.
*Wenk: klik op die foto om die video op Facebook te kyk.




Twee jong graad 10 dames wat veronderstel is om wasgoed af te haal.

Dit is wat gebeur as mens 'n studiebreuk neem en dit reën buite!



Zoom se virtuele agtergronde laat ons toe om te vergader by die see!



Uiteindelik pouse! Dit is hoe Charel sy pouse tyd geniet het!



"My ma het vir my gevra of sy ook die klas kan 'join'."

Anika Schwenke

"Mnr Mostert het gedink dis September, nie April nie."

Therese Button



Ons mag dalk nie kan koor oefen nie, maar niks sal Brandslang keer om musiek te maak nie. *Wenk: klik op die foto om te luister na hoe Brandslang "Java Jive" sing op YouTube!

"Mnr Nel het 'n nasionale geskiedenis rusdag opgemaak!"


Cara Killian

"Ons was in een 'meeting' 'n toer gegee van iemand se kombuis"

Gerald Barendilla

"My pa tree op soos my skoolhoof, koshuisvader en sportaf-rigter"

Anja van der West-huyzen



"Meneer Kritzinger wou koor hê op 'Googe Meet', dit sou baie interessant wees."

Daniella Lourens

"Iemand het 'n klok gelui, toe 'n uur verby is en die onderwyser wou aangaan met werk."

Clarissa Kruger

"Juffrou Kruger het vir my gelag op 'Google Meet' omdat ek werk in my 'unicorn onesie.'"

Nicola Goosen



Heerlike kos deur Angelica Kruger




Sjef Lize in haar kombuis.



Nicola Goosen se tarte tatin.



Angelica Kruger se dis.



Mikaila Myburgh se visgereg.

Gaan kyk self!
Woon ons onderwysers se YouTube-klaskamers by.

Mnr Mostert
Ontleed die hart saam met mnr Mostert

Juffrou Kilian
Kyk na graad 11-Trigonometrie

Mnr Kritzinger
Video oor intervale

Juf Heath
Sing hier saam op fatijah

*Wenk: klik op enige van die beskrywings om na ons onderwysers op YouTube te kyk.

"Juffrou Nienaber het die liedjie 'Hier gaan ons al weer' gespeel aan die begin van week 2."

Mikeryn Pote

"Meneer Malan het data gekoop vir die persoon wat eerste die spelfout opgetel het in 'n opdrag."

Louise Meyer

"Die debatleerders het 'n geveg gehad oor die morele en ekonomiese implikasies van 'lockdown.'"

Valerio Costa

"Mnr Nel het my gebel om uit te vind of ek die werk, wat aanlyn is, doen. Ek het dit nie verwag nie. Ek het so groot geskrik."

Ami Hartogh

Nege nagte in NEDERLAND

Op 8 Maart het vier leerders en juf. Erasmus op 'n vliegtuig geklim en die pad gevat na Amsterdam. Die Korona-virus se teenwoordigheid het in die lug gehang, maar dit was heeltemal oordonder deur die opwindende vir die avontuur wat voorlê.

Na twee vlugte, 'n treinrit op Dubai lughawe en 22 uur later arriveer hulle op Schiphol lughawe. Nog 'n treinrit later, kom hulle by hul tuiste vir die volgende vyf dae, Meiningen Jeughostel, aan. Moeg, maar nuuskierig verken hulle Amsterdam in die aand en maak kennis met hul eerste stroopwafels. Oor die verloop van die volgende paar dae het hulle omtrent al die bekende besienswaardighede besoek, van die Van Gogh museum, die Koninklike Paleis, Vondelpark, die Bloemenmarkt tot en met De Walletjes straat in die Rooi Lig Distrik. Tussendeur het hulle gesmul aan liplekke peuselhappies soos stroopwafels, poffertjes, krokette en bitterballen en amper verstik aan hul R100 koppie warmsjokolade. Hulle het selfs 2019 se koshuishoofdogter, Lize-Marie Niewoudt, vir middagete gekry by 'n pannekoekhuis en hulle verluister aan al



Anja Venter en Anina van der Poel op hul eerste fietsrit in Nederland.

haar aupair-avonture. Dieselfde aand het hulle haar weer toevallig raakgeloop (letterlik en figuurlik) toe hulle per ongeluk voor haar fiets ingehardloop het. Wat 'n klein wêreld!

Donderdagoggend vroeg vat hulle die trein na Den Haag en spandeer die dag met oud Suid-Afrikaners. Dap-

per trotseer hulle hul eerste fietsrit en sjoe, wat 'n ingewikkelde stel fietsryreëls! Een het so bietjie gesukkel met die op-die-fiets-bly-deel en 'n Porsche het daaronder gely...

Voor hulle hul oë kon uitvee, was hulle op pad na hul gasheerfamilies in Zwolle. Hulle is op die stasie verwelkom deur

die families en onderwyser van Greijdanus met plakkaat, ballonne en nog stroopwafels! Almal het rustig die naweek by hul families spandeer en verskillende plekke en die area verken. Die Sondag sou hulle verwelkom word in die kerk en die uitruil sou amptelik begin, maar as gevolg van die Korona-virus is die kerke toegemaak. Vinnig is 'n ander plan gemaak en is die funksie verskuif na 'n plaas waar die uitruilstudente mekaar kon leer ken. Die Kanadese kon nie wegkom nie, daar was slegs een Amerikaner, vier leerders van Stellies en 'n groot groep leerders van Gauteng.

By hierdie byeenkoms is dit ook aangekondig dat die uitruil nie voort sal gaan nie aangesien die Nederlandse regering die skole toe gemaak het en dat almal so vinnig as moontlik terug moet keer na hul lande toe. So kom die uitruil tot 'n einde voordat dit eintlik begin het en ons leerders vlieg die 17de Maart terug Suid-Afrika toe na 'n hele paar trane by die lughawe met 'n klomp foto's op hul foon, 'n sak vol stroopwafels en 'n klomp herinneringe wat hulle nooit sal vergeet nie.

Anja Venter

Kwarantyn-kontrolelys

Merk af wat JY in kwarantyn gedoen het!

Fleur Esterhuysen



☒ Skoolwerk aanlyn ontvang



☐ Laat geslaap



☐ Verveeld geraak / Kajuit-koors opgedoen



☐ 'n Nuwe stokperdjie ontdek, bv. Fotografie



☐ Op sosiale media



☐ 'n Mondeling geskryf



☐ Na musiek, podcasts of audioboeke geluister



☐ By Stellies-isolasiestasie 'n draai gemaak



☐ Die Nasionale Gesondheidsdepartement se WhatsApp-diens gebruik



☐ Films of reekse gekyk

☐ 'n Opstel geskryf

☐ Bord- en rekenaarspeletjies gespeel

☐ Na oom Cyril se afkondigings geluister

☐ Legkaart gebou

☐ 'n Taak net-net betyds ingestuur

☐ 'n Boek gelees

☐ Huis opgeruim en skoongemaak


☐ Oefening gedoen

☐ Gebak of gekook

☐ 'n Verjaarsdag gevier



***Wenk:** Kliek op enige van die foto's op hierdie bladsy om die verwante video op Facebook te sien.



Stellies bly aan die “rol” tydens isolasie



Die video deur die rasielers wat die speletjie aan die rol gesit het.



Die huiskomitee van Huis du Preez bring 'n verandering aan die speletjie met 'n kussing.



Die eerste hokkiespan neem die speletjie na 'n volgende vlak.



Kyk bietjie hoe die onderwysers saam met die matriekraad speel.



Die tennisspan wys ook hulle vaardighede.



Geen interskole? Geen probleem. Die rugbyseuns wys steeds hul talent.

Stellies se rasielers het die inisiatief begin om video's te maak waarin hulle toertjies doen met 'n rol toiletpapier, en die res van die skool het sommer vinnig deelgeneem aan die pret. Die konsep van die video is dat jy die toiletpapier van die een kant af vang en dit na die ander kant toe gooi en die eindproduk lyk dan asof almal een rol toiletpapier na die volgende mens toe gooi. Een van die rasielers, Timothy Benadé, het die bekende toiletpapier-uitdaging op Instagram gesien en die res van sy span uitgedaag. Die rasielers het vinnig hul video saamgestel en toe vir die res van die Stellies uitgedaag. En Stellies staan nie sommer terug vir 'n uitdaging nie! Die eerstespan-hokkie seuns het dadelik ingespring en hulle video gemaak en sommer ook

die eerstespan-hokkie meisies uitgedaag. Die meisies het blitsvinnig die uitdaging aanvaar en deelgeneem aan die uitdaging. Die eerstespanrugby wou nie uitgelaat word uit die pret nie en het spoedig hulle video vrygestel. Die eerstespan-netbal het die rugby ouens se video gesien en dadelik ook hulle video gemaak. Hoërskool Stellenbosch se tennisspan wou ook weet waaroor al die bohaai gaan en het ook hulle video gemaak. Die MR, juffrou Bruwer en meneer Malan het ook aan die “rol” gebly met hulle video. Die Stellies se kreatiwiteit en komedie was die lig aan die einde van die donker tunnel en het vir baie ander leerders wat by die huis is, gewys dat mens steeds kan pret hê al is jy in isolasie. Dis hoe Stellies “rol”!

René Kotzé

Komplimentedag aanlyn

Van alle HSS-tradisies is daar een wat jaarliks soveel Stellies laat glimlag. Almal glimlag, want dis komplimentedag!

Die tradisie van briefies skryf wat afgelewer word, het vinnig die oë verlaat toe die pandemie ons getref het. Dit was die indruk van die kunstekomitee dat daar ongelukkig nie hierdie kwartaal 'n komplimentedag sou kon plaasvind nie. Die matriekraad het egter met die oplossing gekom om hierdie dag


virtueel te laat voortgaan. Daar is 'n Google-vorm uitgestuur na al die leerders. Die matriekraad het die inskrywings uitgestuur aan elkeen persoonlik óf per e-pos, óf per WhatsApp. Daar was 'n paar liefdes-, 'n paar dramatiese en meestal verlangende boodskappe. “Dit was

so lekker om te lees hoe baie my vriende my mis,” was die woorde van Leah Rhode (graad 8). Dié jaar se statistieke het ons verbaas. 48,2 % van die komplimente was aan graad 12-leerders gestuur, 11,5% aan graad 11-leerders, 19,8% aan graad 10-leerders, 10, 7% aan graad

9-leerders en 9,9% van al die komplimente is aan graad 8-leerders gestuur. Die MR en kunstekomitee hoop dat daar iewers deur die dag 'n glimlag op jou gesig verskyn het. Mag ons nog baie komplimentedae hê!

“Dit was so lekker om te lees hoe baie my vriende my mis.”

Emma Joubert



Uitsonderlike Prestasies

Chenoa Roller

Chenoa Roller is deur ABS-Produksies gekies vir die Speeltoneel 2020 drama-projek. Dit is die eerste keer wat so 'n projek aangepak word en HSS is baie trots om 'n leerder deel van hierdie proses te kan hê.

Bekende akteurs soos Desire Gardner, Germandt Geldenhuys, Je-Ani Swiegelaar en Reynardt Hugo is by hierdie unieke en opwindende projek betrokke.

Chenoa sien dit as 'n wonderlike geleentheid om saam met die fasiliteerders waarna sy

opkyk te werk. "Ek het 'n passie vir drama en die verhoog en geniet van kleintyd af om op te tree voor mense."

Chenoa kry tans aanlyn mentorskap van Desire Gardner en is besig om voor te berei vir die televisieprogram waar-aan sy gaan deelneem, "Uitblinkers". Die nuwe seisoen van "Uitblinkers" begin in Desember.

SpeelToneel gee egter nie net televisie-ervaring nie. Chenoa sal ook deelneem aan 'n drama-produksie in Pretoria- en Kaapstad-teaters.



Hoërskool Stellenbosch is baie trots op Chenoa se betrokkenheid by hierdie projek en opgewonde om

te sien wat verder in hierdie graad 8-leerder se loopbaan gaan gebeur!

Rheba la Grange

Rheba la Grange (graad 9) se kreatiewe skryfwerk word in POORT, die boek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, gepubliseer!

Sy het 'n vierde plek nasionaal behaal in 'n skryfkompetisie wat jaarliks plaasvind. Leerders van graad 8 tot 12 kan inskryf vir hierdie kompetisie. Baie geluk met jou prestasie, Rheba. HSS is opgewonde om te lees wat verder uit jou pen gaan vloei!

Ons is ook trots op die drie matriekleerders van 2019 wie se skryfwerk in die POORT-2020 gepubliseer word: James Bekker, Lize du Toit en Elize le Roux.



Maretha Burger

Dit is nie die maklikste taak vir 'n wêreldklas tennisspeler om fiks en sterk te bly in 'n maand van vasgekeer wees op hul erf nie. Gelukkig het Maretha Burger haar nie laat onderkry nie. Selfs mét hierdie inperking, het Maretha haar tennisloopbaan aan die gang gehou. Dit het vir haar die geleentheid gegee om op 25 Julie regstreeks uitgesaai te word op SuperSport en YouTube in 'n wedstryd met aangepaste reëls.

Hierdie wedstryd het plaasgevind op Paul Roos Gimnasium se tennissbane en het Suid-Afrika se beste junior tennisspelers soos Christine Kruger van Bloemhof, Carl Roothman van Paul Roos Gimnasium en Kholo Montsi van die Anthony Harris Tennis Academy se deelname ingesluit. Die formaat van die wedstryd is aangepas rondom COVID-19-riglyne. Dit het bestaan uit vier kwarte van tien minute elk waarna hulle 'n breuk gehad het waarin daar

vrae beantwoord is wat aanlyn-toeskouers vir hulle kon instuur. Verder is daar spesifieke reëlins ingestel soos dat alle helpers op die baan handskoene en maskers moet dra en net sekere spelers se balle kon hanteer.

'n Ander opwindende verandering wat aangebring is, is die "tactical power cards" wat ingebring is. Elke speler het vier kaarte gehad wat hulle kon speel: Een om jou "wen"-punt te laat tel as drie punte, een om jou opponent se dien te steel, een om twee keer na mekaar te kan dien en een wat vir jou 'n punt kry as jou opponent nie binne drie houes die punt kry nie. Hierdie kaarte is nie net ingestel om 'n vermaaklikheidsselement tot die wedstryd te voeg nie, maar ook om die spelers uit te daag om hul taktiek te verbeter en nuwe vaardighede aan te leer.

Maretha het haar wedstryd teen haar dubbelsmaat, Christine Kruger, gewen met drie van die vier kwarte.



Die wedstryd is afgesluit met 'n vriendelike raket-groet (aangesien geen fisiese kontak toegelaat word nie) tussen die twee tennisvriendinne en die tennisspelers was gelukkig na hul eerste wedstryd na 'n lang tyd van afsonderlik oefen.



***wenk:** Kliek op die boonste foto van Maretha om die volle wedstryd op YouTube te kyk.

HSS spog weereens met pragtige lokale

Die nuwe IGO-klaskamer

Meneer Carpenter se IGO-klaskamer is opgegradeer in 'n praktiese en indrukwekkende lokaal waarin leerders met hierdie vak kan floreer. Ons het meer gaan uitvind oor die veranderinge en meneer Carpenter se ervaring daarvan.

Watter veranderinge is aangebring aan die klas?

Sjoe, daar is groot veranderinge aangebring. Eerste is alles wat in die bestaande klas was, verwyder (ingeboorde kaste, vloere, tafels en stoele, ALLES!). Die klas se uitleg word toe gedraai, nuwe vloere word ingesit, die klas word geverf en ons kry splinternuwe tafels en stoele. Ons het weggedoen met die projektor en twee 65-duim televisieskerm laat installeer. Ons het ook 'n nuwe kas gekry met skuifdeure. Die kas is multifunksioneel: Ek kan lesse op die deure aanbied omdat dit dien as witbord en ons leerders kan hul IGO-sakke netjies in die kas wegbêre sodat dit nie sigbaar is vir mense wat die klas binnekom nie. Dit maak dit ook makliker vir die leerders om hul toerusting te kry, en hulle hoef nie hul sakke huis toe te neem op dae wanneer hulle nie

huiswerk het nie.

Waarom was bogenoemde veranderinge nodig?

Dalk omdat 'n studente-juffrou laas jaar amper haar been in my klas gebreek het! Nee, ek speel somer, alhoewel dit 'n ware verhaal is. Die vorige IGO-klas was verval en oud. Ek het by meneer Retief gehoor dat die klas in die verlede gebruik was as 'n kuns-klas en dit was ook op 'n stadium sy klaskamer gewees voor dit omskep was in 'n IGO-lokaal so paar jaar gelede. Geboue is maar soos motors: Mens moet hulle af en toe 'n goeie diens gee.

Watter veranderinge moet nog aan die lokaal gebring word?

Ons benodig nog 'n witbord tussen die twee televisieskermes en die IGO-temapapier moet nog teen die muur opgesit word. Dan moet ek besluit wat ek teen die

mure moet ophang sodat mense verseker weet dat dit 'n IGO-klas is. Die klas moet met leerders praat en hulle inspireer wanneer hulle in die klas instap.

Waarvoor sal die nuwe lokaal alles gebruik kan word?

Die hoofdoel is om dit vir IGO te gebruik. Ons getalle het redelik gestyg so eerstens moet dit as 'n lokaal dien vir IGO-leerders om te kan teken. Indien ons 'n tekenperiode vir graad 8- en 9-tegnologieleerders kan inruim, kan hulle ook die klas gebruik. Dit kan ook gebruik word as toets- of eksamenlokaal.

Watter voordele bring die nuwe lokaal aan leerders met IGO as vak?

Dit is 'n reuse stap vorentoe om die einddoel te bereik. Ons leerders het nou 'n netjiese lokaal wat hulle motiveer en inspireer. Hulle kan gemaklik teken en hulle het spasie vir hul toerusting. Dit maak elke IGO-leerder se lewe maklik. Dit skep ook vir leerders 'n professionele omgewing, iets waaraan hulle gewoon moet raak indien hulle wil werk in hierdie rigting.

Enige onderwyser wat die lokaal gebruik, kan deur middel van die beskikbare tegnologie, moderne lesse aanbied wat pas by 'n skool uit die 21ste eeu.

Hoe lank het dit geneem vir die klas om opgegradeer te word tot Meneer weer in dit kon klasgee? Hoe was die ervaring van hierdie tydperk?

Die bouers het in Desember 2019 ingekom om te begin breek en bou. As gevolg van die Corona-virus en die grendeltyd wat dit voortgebring het, was baie mense opgehou en kon hulle nie aan die klas werk nie. Die binnenshuisontwerpers moet nog ons temapapier druk en teen die muur kom sit. Ek reken die klas sal einde Augustus heeltemal klaar wees. Die projek sou oorspronklik in vier maande afgehandel wees, maar as gevolg van onvoorsiene omstandighede het dit nege maande geneem.

Die ervaring het sy uitdagings gehad. Ek moes baie op my voete dink (soos om 'n lokaal te kry vir die IGO-leerders waar niemand ons sal

pla nie). Die enigste plek wat ek kon vind, was die saal se verhoog. Toe kom juf Winckler met haar dramaleerders in die saal en ons het gou agtergekom dat IGO en Drama in Hoërskool Stellenbosch onafskeidbaar is van mekaar. Ons benodig hulle geraas om ons mens te hou in ons kliniese IGO-omgewing. Elke Vrydag moes ons die hele klas ontruim vir saalbyeenkoms (daar was 'n rede vir daardie toe gordyne), en ons moes mooi maak vir die kerk wat ons saal op Sondag gebruik. Ons het agtergekom hoe donker die verhoog is, veral met die kragonderbrekings, so ons leerders het soms heerlijk buite gesit en teken. Toe ons egter in die nuwe, half klaar, lokaal kom, was alles klaar heelwat beter. Daar is darem min dinge soos jou eie spasie. Ek het baie geleer van vloere, klasuitleg, binnenshuisontwerp en hoe sleg ek is om 'n verfkleur te kies. Meneer Retief het my darem ook mooi gehelp met sy ervaring en raad.

Hoe lyk die pad vorentoe vir IGO by Hoërskool Stellenbosch?

Ons het 'n mooi lokaal waarin ons onself kan uitleef in ons vak soos voorgeskryf in ons WKOD-riglyne. Mens wil egter nie altyd in die voorgeskrewe borrel bly nie, want dan mis mens die avonture van die lewe. Meneer Pellissier het ons onderwysers geleer om groot te droom en anders te dink. Die droom is om die klas nog 'n stappie verder te neem en te omskep in 'n lokaal wat ten volle toegerus is met rekenaars waarop



“Ons moet vir meneer Pellissier bedank vir die moeite wat hy doen om fondse in die hande te kry om ons skoolgebou deurgaans op te gradeer. Sy visie vir Hoërskool Stellenbosch dryf dit om 'n skool te wees om op te reken en dit motiveer ons om altyd hoër hoogtes te bereik. Semper altior!”

- Meneer Carpenter



Mnr. Carpenter gebruik sy nuwe witbord.

leerders hul tekeninge kan voltooi. Ons wil ons leerders blootstel aan rekenaar-ondersteunde tekeninge sodat hulle vaardighede aanleer wat benodig word in die praktyk. Enige iemand wat hierdie artikel lees en 20 rekenaars wil borg - kontak my! Daar is groot drome - hou hierdie spasie dop!



Een van die mooiste dinge in die klas bly steeds die pragtige uitsig van Stellenboschberg.



Die nuwe Drama-lokaal

Aan die begin van 2020 is 'n opwindende proses aan die gang gesit om die dramaklas op te gradeer om dit meer bruikbaar vir akteurs te maak. Alhoewel die proses steeds aan die gang is, is daar reeds groot veranderinge aangebring waaroor ons baie nuuskierig was en waarvoor juffrou Winckler, die hoof van Hoërskool Stellenbosch se drama-departement, ons meer vertel het.

Om mee te begin is die hele vloer vervang, die mure geverf en nuwe swart "floor-to-ceiling" gordyne opgehang (sy het opgewonde bygevoeg dat al die kragproppe ook uiteindelik weer werk). Die bogenoemde veranderinge wat reeds aangebring is, speel alles 'n belangrike rol in die verbetering van die dramalokaal.

Die mat in die ou klas het, volgens juffrou Winckler, nog 'n stuk kougom opgehad wat sy self in haar graad 10-jaar ingetrap het. Dit was dus duidelik tyd vir 'n verandering. Uit met die ou, blou mat en in met 'n

nuwe vloer wat die onderhoud en skoonmaak vergemaklik.

Die nuwe swart fluweelgordyne help om die sterk eggo van die ou lokaal te demp en die klank meer "droog" te maak. Dit blok ook klank en lig van buite af en sorg vir 'n geweldig esteties bevredigende lokaal.

Veranderinge wat nog aangebring moet word, maar vertraag is as gevolg van die COVID-19-pandemie, sluit rakke en klankdempers teen die mure in. Die rakke sal dien as stoorspasie en sal verder die klank help demp. Die tafels en stoele sal ook nog vervang word.

Die dramaleerders van HSS sal beslis baat by hierdie nuwe lokaal. Juffrou Winckler beskryf die voordele as volg: "Behalwe nou vir die feit dat dit beslis 'n mooier, skoner klas is, is daar nou ook 'n neutraliteit aan die ruimte. Die idee is dat dit 'n oop spasie is waar leerders gemaklik voel om te speel en kreatief te wees."

Van 2007 af is 'n nuwe dramalokaal iets waarvan juffrou Winckler wou begin werk en uiteindelik is hierdie droom bewaarheid. Die


drome hou egter nie hier op nie. "Daar sal altyd nuwe doelwitte en drome wees. Miskien minder doelwitte, meer drome. Die dag as hulle verdwyn, het ek nie meer 'n doel as opvoeder nie. Met ongelooflike ondersteuning van HSS se opvoeders, die beheerliggaam, die ouers en die leerders, is dit 'n vreugde om aan te hou speel en kreatief te raak en vir leerders (en hopelik 'n paar ouers ook) aan die vreugde en vryheid van teater bekend te stel."

Met groot drome en 'n nuwe voorkoms sien ons uit na die volgende episode van ons drama-departement!

deur Ester de Wet



Die idee is dat dit 'n oop spasie is waar leerders gemaklik voel om te speel en kreatief te wees."





Die Stem van 'n Stellie

In 'n tyd van maskers dra en magteloosheid het Hoërskool Stellenbosch se leerders steeds hul stem laat hoor. Lees hier om 'n vinnige blik te kry van 'n Stellie se emosies in 2020.

23 Maart 2020 - President Ramaphosa kondig af dat Suid-Afrika in “lockdown” gaan vanaf 26 Maart tot 16 April.

vanaand is nogals rof gewees.

Ek dink ons almal het geweet die situasie is erg, maar nie tot hierdie mate waar ons hele land in “lockdown” in gaan nie. Ons het gehoop ons is “immuun” teen die virus, maar nee ons is ook net 'n land. Weerloos vir die dinge groter as wat ons kan begryp.

My hart is seer vir matrieks, studente, eerstejaars en finale jaar studente, ouers, werknemers en werkgewers, kleintjies en almal wat nie genoem is nie.

Ons almal is onseker en onrustig oor hierdie ramp wat te voorskyn gekom het.

Onvoorspelbaarheid was nog nooit maklik nie, veral dat dit die hele wêreld raak en nie net een ou landjie uit 195 nie.

Ons almal kry swaar.

Mense wat afhanklik is van publieke vervoer. Mense wat moet “e-learning” doen, maar geen toegang het tot internet nie. Mense wat in meter by meter woonstelle woon en nie 'n voet uit hulle huis mag sit nie. Mense wat daaglik nie eers toegang het tot lopende water nie.

Ons almal sukkel, ons almal kry swaar. Wees vandag ekstra dankbaar vir alles wat jy het en onthou net.

Nkosi sikelel' Afrika. God seën Afrika.
Altyd.

Lize Herbert

23 Julie 2020 - President Ramaphosa kondig af dat skole weereens sluit vanaf 27 Julie tot 24 Augustus

Ons wil skoolgaan!

“Skole sal vanaf 27 Julie gesluit wees en op 24 Augustus heropen.”

President Ramaphosa se woorde was nog nie eens koud nie toe versprei die nuus al soos ‘n veldbrand deur die koshuís.

Die nuus is ontvang met ontsteltenis en onsekerheid.

Hoe is dit moontlik? In watter wêreld wil skoolkinders nie vakansie hê nie?

Die antwoord is: In ‘n wêreld waar ons nie eens seker is of ons die jaar gaan kan klaarmaak nie.

Nadat my bure in die koshuís vir my ‘n teetjie gemaak het om my te kalmteer, het ek besluit om hierdie artikel te skryf. Ek wil hê u as leser moet ‘n oomblik neem en besef hoe moeilik hierdie vir ons as skoolkinders is: Die vrae is oneindig; die vooruitsigte min. Hierdie artikel is vir alle leerders wat voel hulle frustrasie val op dowe ore. Mag julle stemme gehoor word.

Ek weet ek kan nie vir al die skoolkinders in die land praat nie, maar ek kan wel die gevoel wat ek by meerderheid van die Stellas gekry het, weergee: Ons wil werk!

Soos Abia Marais, ‘n graad 11-leerder, gesê het: “Dit [opvoeding] is nie ‘n begeerte nie. Dit is ‘n behoefte!”

Jana Fourie





Vir die Stellies



deur die Stellies

